# SUURDEEG

Die beeld wat ons van suurdeeg het is oor die algemeen dat dit  iets is wat negatief is, soos "sonde", en dit is dit inderdaad.  Maar is daar 'n breër betekenis van suurdeeg?

Ons ontleed die Hebreeuse woord met sy wortel vir meer insig.

"Suurdeeg" is Strong's H7603 ...

**H7603**

שְׂאֹר

śᵉ'ôr

*seh-ore'*

From H7604; *barm* or yeast cake (as *swelling* by fermentation): - leaven.

Dit om vanaf die wortelwoord H7604 ....

**H7604**

שָׁאַר

shâ'ar

*shaw-ar'*

> A primitive root; properly to *swell* up, that is, *be* (causatively *make*) ***redundant****:* - leave, (be) left, let, remain, remnant, reserve, the rest

Redundant = oortollig, oorbodig, **oorvloedig**, **weelderig** (die onderstreepte woorde klink soos "rojaal" soos wat konings dit sal hê "royal".)

In Moderne Hebreeus het wortelwoorde drie letters, maar in die Ancient Hebrew Lexicon is daar ook  2-letter wortelwoorde.

Dit is die geval hier met "suurdeeg".

H7604 is die moderne Hebreeus se  3-letter wortelwoord, met shin, aleph and resh.

In die Ancient Hebrew Lexicon (AHL 1342), word dit egter aangedui as sameg en resh. Volgens die geskiedenis van die letter Sameg in die AHL word daar vermoed dat dit eers een was met die letter Sin/Shin.  Sin en Sameg het albei die "s" klank.

In Ps. 119 het ons Skrif vir elke letter.  Ps 119 gaan oor die Torah van JaHUaH, wat Sy Instruksies is.

Kom ons kyk na die gedeeltes in Ps. 119 wat handel oor die SAMEG en die RESH volgens die AHL se wortel.

In die Hebreeus begin elke vers met 'n spesifieke letter en die inhoud dui die betekenis/inhoud van daardie letter aan.

**SAMEG**

Sameg se prentjie het die betekenis van "Ondersteuning" ("Support") ...  Elke vers begin dan met 'n

Sameg in die Hebreeus.

Ps 119:113 **Samek**. Twyfelaars haat ek, maar u wet het ek lief.
Ps 119:114 U is my skuilplek en my skild; op u woord wag ek.
Ps 119:115 Gaan weg van my, kwaaddoeners, dat ek die gebooie van my Elohiem kan bewaar!
Ps 119:116 **Ondersteun** my volgens u belofte, dat ek kan lewe; en maak my nie beskaamd vanweë my hoop nie.
Ps 119:117 **Steun** my, dat ek verlos word; dan sal ek altyddeur op u insettinge let.
Ps 119:118 U verag almal wat van u insettinge afdwaal, want hulle bedrieëry is leuens.
Ps 119:119 U ruim al die goddelose van die aarde weg soos skuim; daarom het ek u getuienisse lief.
Ps 119:120 My vlees sidder van skrik vir U, en ek vrees vir u oordele.

Daar word gebid vir JaHUaH se Steun/Ondersteuning in hierdie verse, sodat Sy gebooie bewaar kan word.

**<u>RESH</u>**

Resh se prentjieskrif is 'n Kop wat "**rosh**" in Hebreeus is en dit het die betekenis van "<u>highest</u>/<u>most important</u>".

"Rosh Codesh" word bv. aanvaar om te beteken: die "**begin** van die maand" ... die **Hoof** van die skool sal ook 'n "Rosh" wees, die Hoof van 'n koninkryk is ook 'n "Rosh".

In Ps. 119:153 – 160 word daar **opgekyk na JaHUaH** vir verlossing en genade d.m.v. JaHUaH se **Steun** of **Ondersteuning** vir Sy kind teen die vervolgers. Elke vers begin met 'n "resh" en vers 160 begin met die woord "**Rosh**".

Ps 119:153 **Resj.** Sien my ellende aan en red my, want u wet vergeet ek nie.
Ps 119:154 Verdedig my **regsaak** en verlos my; maak my lewend volgens u belofte.
Ps 119:155 Die heil is ver van die goddelose, want hulle soek u insettinge nie.
Ps 119:156 **JaHUaH**, u barmhartighede is menigvuldig; maak my lewend **volgens U verordeninge**.
Ps 119:157 My vervolgers en my teëstanders is talryk; van u getuienisse wyk ek nie af nie.
Ps 119:158 Ek het diegene gesien wat troueloos handel, en dit het my gewalg dat hulle u woord nie onderhou nie.
Ps 119:159 Aanskou dat ek u bevele liefhet; o **JaHUaH**, maak my lewend na u goedertierenheid.
Ps 119:160 Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u **regverdige verordeninge** is tot in ewigheid.

Die fokus is in vers 160 en klink so in "The Scriptures" ...

> The sum of Your word is truth, and all Your **righteous right-rulings** are forever (The Scriptures)

Dit handel dus oor die Regverdige Heerskappy van JaHUaH.

**<u>ANCIENT HEBREW LEXICON</u>**

Die AHL het 'n beduidende betekenis vir Sameg en Resh as die 2-letter wortel, en dit sluit aan by wat alreeds verduidelik is. (AHL het die betekenis van Sameg as "thorn" aangedui wat ook korrek is en aanvaar word.)

Die betekenis wat die AHL uitlig is:

> Ac:  Rule
> Co:  Ruler
> Ab:  Noble
> The pictograph  is a picture of a thorn representing a turning, the  is a picture of a head. The turning of the head to another direction.  One who rules the people to his direction.  The turning of the head of the child or student into a particular direction.

Dit het dus te doen met die Heerskappy en Verandering van Heerskappy.

Dit sluit dus aan by die betekenis van die Strong's en die betekenisse van Sameg en Resh.

**<u>SAMEVATTING</u>**

Sameg = Steun/Ondersteuning
Resh = Hoogste

Letterlik is Sameg en Resh tesame se betekenis dan:  "Hoogste Ondersteuning" of Steun van die Allerhoogste.  In Engels:  "Highest Support".

Dit toon heerskappy en outoriteit aan.

In 'n positiewe sin is suurdeeg 'n aanduiding van JaHUaH se outoriteit wat gepaard gaan met Sy Torah.

In 'n negatiewe sin is suurdeeg 'n aanduiding van die heerskappy van die Duisternis wat Ondersteuning van sy onderdane verwag met  sy eie riglyne van die Koninkryk van Duisternis, en **dit is sonde**.

Dit kan dus dui op die outoriteit van die Koninkryk van Duisternis of op die outoriteit die Allerhoogste se Koninkryk van die Hemel.  Daar is altyd konflik tussen die twee koninkryke.

In Egipte (tipe van die wêreld) was die Israeliete onder Farao (tipe van Satan) se outoriteit as "Hoogste Ondersteuning".  Hulle moes Farao eer en doen wat hy sê.

Om uit Egipte uit te kon kom is om onder daardie Bose Heerskappy te kon uitkom.  Dit was soos suurdeeg, die Ou Suurdeeg waarvan 1 Kor. 5 praat en was oortreding van JaHUaH se Torah **wat sonde is**.

JaHUaH as die Allerhoogste het Israel Ondersteun en hulle aan Homself verbind met Sy Ewige Verbond daar by Sinai.  Dit kan verglyk word met "Goeie" Suurdeeg en is nie die Ou Suurdeeg van die Egiptiese bestel nie.

JaHUaH het oor Farao se koninkryk getriomfeer (as Hoër en Hoogste outoriteit) en daarna het Hy die Israeliete uitgelei uit Egipte.  Nou moet Egipte nog uit hulle uitgehaal word (die ou suurdeeg van die vorige outoriteit).

Kom ons kyk na 1 Kor. 5:6 – 8.

> 1 Kor 5:6  Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?

1 Kor 5:7  Suiwer dan die **ou suurdeeg** uit, sodat julle 'n **nuwe deeg** kan wees—soos julle inderdaad **ongesuurd** is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Messias.
1 Kor 5:8  Laat ons dan feesvier, **nie** met die **ou suurdeeg** of met die suurdeeg van **ondeug** en **boosheid** nie, maar met die **ongesuurde** *brode* van reinheid en waarheid.

As ons na die voorafgaande verse kyk, sien mens dat hulle 'n baie slegte gesindheid gehad het (wêrelds en hoogmoedig) vers 1 – 6, soos dit wat sal kom van die Koninkryk van Duisternis (Egipte).

Die Ou Suurdeeg moet dus uitgesuiwer word want dit is DEFNITIEF SONDE, dis nie JaHUaH se Torah nie, maar 'n oortreding van Sy Torah (1 Joh. 3:4).

1 Joh 3:4  Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

1 John 3:4  Whosoever committeth sin transgresseth also the law: for **sin is** the **transgression of the law**.

Om dus 'n nuwe deeg te wees beteken om ongesuurd te wees van die Ou Suurdeeg en onder JaHUaH se outoriteit as **Allerhoogste** te wees want Hy **Steun en Ondersteun** Sy volk met wie Hy Sy Verbond gesluit het.  Sy Torah/Instruksies moet dan gehoorsaam word, wat "reinheid en waarheid" behels.

Pasga/Paasfees gaan dus daaroor dat ons ons weer "commit" onder JaHUaH se outoriteit as Allerhoogste d.m.v. die Verbondsmaaltyd wat JaHUsha kom instel het, die Nuwe Verbond/Testament.  Hy het as Hoogste Outoriteit ons uit "Egipte" uit gehelp (geOndersteun) en nou haal Hy Egipte uit ons uit.  Ons moet voortdurend van sonde gereinig word en ongesuurd van Egipte wees.

As ons kyk na die gesuurde brode van Shavuot lyk dit asof diè suurdeeg op "Goeie" suurdeeg dui, naamlik die wat onder die Allerhoogste as gesag is en die Lam volg, Hy is die Lewende Torah.

Die twee gesuurde brode is met Shavuot (wat ook die Fees van Eerstevrugte is), voor JaHUaH beweeg (Lev. 23:16 – 17).  Eerstevrugte/Eerstelinge word beskryf as "sonder gebrek" en "rein" in Open. 14:4 – 5.

Open 14:4  Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik **rein**; dit is hulle wat **die Lam volg** waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as **eerstelinge** vir Elohiem en die Lam.
Open 14:5  En in hulle mond is daar **geen bedrog** gevind nie; want hulle is **sonder gebrek** voor die troon van Elohiem.

Dit klink nie soos die Ou Suurdeeg van sonde en onreinheid nie, dit klink nie soos 1 Kor. 5:1 – 6 nie.

Ou suurdeeg gaan dus daaroor om onder Satan se heerskappy en lewenswyse uit te kom en dit nie meer te ondersteun en te gehoorsaam nie.  Dit is 'n slawerny van sonde wat vir ons net verdrukking sal bring.

Die Ongesuurde brood wat die Israeliete moes eet het teruggekyk na daardie verdrukking en ellende en hulle moes onthou waarvan hulle verlos is.

> Deut 16:3 Jy mag geen gesuurde brood daarby eet nie; sewe dae lank moet jy ongesuurde brode daarby eet, **brood van ellende**—want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek—sodat jy al die dae van jou lewe die dag van jou **uittog uit Egipteland** in **gedagtenis kan hou**.

Israel moes Egipte en dit wat Egipte verteenwoordig (Duisternis/Sonde) uit hulle lewens uitkry. Farao en ander gode is daar aanbid.

Ons moet ook Egipte uit ons lewens kry. Ons moet die Ou Suurdeeg uitkry. Ons is geestelike Israel, ons is 'n nuwe deeg.

Ons kom uit die Koninkryk van Duisternis waar die Vyand die Hoogste Ondersteuning/Gesag is waar ons slawe van sonde was en verdruk was.

Ons moet seker maak of Egipte uit ons uit is en of ons ons nog skaar onder JaHUaH se outoriteit en Sy Koninkryk se Instruksies, die Tien Woorde/Gebooie wat die Boek van die Verbond is wat die Gedragskode van die Koninkryk van die Hemel is.

Aan die positiewe kant is JaHUaH die **Allerhoogste** want Hy is die Hoogste Gesag in die Heelal (Resh). Hy **Ondersteun** ons as ons aan Hom behoort (Sameg).

Suurdeeg is dan "Hoogste Steun" volgens sy wortelwoord. M.a.w. wie heers in ons? Wie is ons steun?

Dit is dan net om so 'n bietjie meer van "suurdeeg" te verstaan.

0-0-0-0-0

AndriYaH
Maart 2019